

## 30 Desember Openbaring 11:15-19; (Teks: 11:19)

### ***Die verbondsark het sigbaar geword***

Deur sy openbaringe wys Jesus Christus aan Johannes hoe ons die wêreldgeskiedenis moet verstaan. Wat is besig om te gebeur en waarop stuur alles af? Wat is die bepalendste faktor?

Vanaf hoofstuk 8 lees ons dat ses trompette geblaas word. Elke trompet kondig 'n oordeel van God oor die skepping af. Verskriklike dinge gebeur. Dit lyk of alles vir God se skepping verlore is.

Uiteindelik blaas die sewende trompet. Dit is die trompet wat Christus se oorwinning aankondig. Dit is die laaste trompet met die laaste woord. Dit is 'n loflied oor die koningskap van die Here en sy Gesalfde wat tot in ewigheid as Koning sal heers.

Wat is die geheim vir die oorwinning? Terwyl die sewende trompet blaas en die dank- en loflied van die kerk gehoor word gebeur daar iets merkwaardigs: *"Toe het God se tempel wat in die hemel is, oopgegaan, en sy verbondsark wat in sy tempel is, het sigbaar geword."* Die geheim van die oorwinning is die Here se verbond wat in die Ou Testament simbolies deur die oop tempel en die verbondsark voorgestel is. Ons kan meer van die ark lees in Eksodus 25:10-22:

Die ark is 'n kis waarin die Wet van God in geplaas is. God se volk moet in die wêreld sy Wet met hulle saamdra. In ons harte deur die Heilige Gees!

Bo-op die ark was die versoendeksel. Die bloed van die offerdier is op die versoendeksel gespreinkel om vir die volk versoening te doen. God se genade in Christus bedek ons skuld en daarom kan Hy by ons wees, met ons praat en oor ons regeer (Eks 25:22). Die ark is met goud oorgetrek en mag net op 'n sekere manier deur middel van sy draringe gedra word. Van ons kant moet daar eerbied, ootmoed en gehoorsaamheid teenoor ons Verbondgod wees.

Die ark versimboliseer die verbondsomgang wat die Here met sy kinders het. Dit is die rede waarom sy koninkryk kom dwarsdeur alles wat in die wêreld gaan gebeur. Daardie verbond, sê Openbaring 11:19, word deur God in die hemel gehandhaaf. U kan daarom nou al die loflied saam met die vier en twintig ouderlinge sing oor die groot oorwinning van ons Here Jesus Christus.

Ds. C. Hattingh (Rietvallei)